# BWAV NUUS

*HIERDIE IS DIE NUUSBRIEF VAN DIE BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIE VERENIGING - UITGAWE 1/2017*


**BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIE VERENIGING**

**4DE STRAAT NR 6, te THERON WESSELS & VEN.**

**Posbus 109, Naboomspruit, 0560**

**Tel: 014 743 1171 Faks: 014 743 2957**

**FNB, Rek: 62060167535, Tak: 260348**

**Webwerf: www.bwav.co.za**

**Epos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com**




**PRESIDENT**

**Theron Wessels**

**23 April**

**Sel: 082 464 2596**
**Tel: 014 743 1171**
**wesselsprok@telkomsa.net**




**VOORSITTER**

**Louw Pretorius**

**19 Junie**

**Sel: 082 751 9767**
**Tel: 014 743 2493**
**mjwapens@hotmail.co.za**



**ONDER - VOORSITTER**

**Hendrie Kapp**

**21 November**

**Sel: 082 784 1938**
**Tel: 087 820 4434**
**panoramacountryhouse@gmail.com**



**VERSAMELAARS KOMITEE**

**Johann Mostert**

**12 Maart**

**Sel: 083 326 7624**
**Tel: 012 345 3410**
**jmostert@digidata.co.za**



**TOEGEWYDE JAGTERS KOMITEE**

**Tinus van Staden**

**24 November**

**Sel: 083 448 5283**
**Tel: 084 532 8921**
**tinusvanstaden007@gmail.com**



**JAGTERS FORUM**

**Phillip Putter**

**26 Desember**

**Sel: 082 467 0046**
**Tel: 012 663 5933**
**pputter@minerpsolutions.com**




**INSTANDHOUDING**

**Tokkie Krüger**

**7 Oktober**

**Sel: 082 822 7964**
**Tel: 014 743 3044**
**lenakruger@telkomsa.net**



**REKENKUNDIGE BEAMPTE**

**Nic Pretorius**

**12 Junie**

**Sel: 081 520 1407**
**Tel: 014 743 0667**
**ndr1@telkomsa.net**



**TESOURIER**

**Francois Nolte**

**22 September**

**Sel: 082 925 9460**
**Tel: 014 743 1541**
**sfn@vodamail.co.za**



**SEKRETARIS**

**Sydney Wells**

**5 April**

**Sel: 083 251 8436**
**Tel: 014 743 3399**
**sydney@mweb.co.za**



**ADMIN DAME**

**Elbie Kruger**

**24 September**

**Sel: 081 492 2051**
**Tel: 014 743 1171**
**elbiekruger007@gmail.com**

# BOSVELD WAPEN EN AMMUNISIE VERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054
Jagtersvereniging – Reg No. 1300105
Geaffilieër by NAACCSA

POSBUS 109
NABOOMSPRUIT, 0560
TEL: (014) 743 1171
FAKS: (014) 743 2957
Webtuiste: www.bwav.co.za
E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

# BWAV JAARPROGRAM VIR 2017:

| | |
|---|---|
| 14 Januarie 2017 | ***Sportskiet***: handwapens, haelgewere, .22 kompetisie, jaggewere tot 100m |
| 25–31 Januarie 2017 | Verslae lê ter insae by die BWAV kantoor. |
| 3 Februarie 2017 | **Algemene Jaarvergadering** om 18:30 te Panorama Gastehuis, Naboomspruit. |
| 4 Februarie 2017 | ***Sportskiet***: handwapens, haelgewere, .22 kompetisie en jaggewere tot 100m. |
| | **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaars bring gewere. |
| 11 Maart 2017 | **BOSVELDSKIET**, Kompetisieskiet met jaggewere (12 Rondtes). |
| 1 April 2017 | ***Sportskiet***: handwapens, haelgewere, .22 kompetisie, jaggewere tot 100m |
| | **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaars bring handwapens. |
| 13 Mei 2017 | **VLAKTESKIET**, Kompetisieskiet met jaggewere (12 Rondtes). |
| 10 Junie 2017 | **Kremetart Versamelstuk Skietdag** |
| 29 Julie 2017 (Nuwe) | **Veldskiet**, Hindernisbaan met baie uitdagings en obstruksies – meer inligting sal volg. |
| 19 Augustus 2017 | ***Sportskiet*:** handwapens, haelgewere, .22 kompetisie, jaggewere tot 100 m |
| | **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaars bring haelgewere. |
| 16 September 2017 | **PRESTIGE SKIET**, Kompetisie skiet met jaggewere (15 Rondtes). |
| 29 September 2017 | **Mandjiedans** te Naboomspruit Gholfklub – R50.00 pp Kinders o/10 gratis. |
| | BWAV voorsien die musiek, vuurkole, stoele, pap en sous. Bring eie vleis en eetgerei |
| 21 Oktober 2017 | **SPANSKIET** Vier skuts per span – skryf eie span in (9 Rondtes per skut). |
| 11 November 2017 | ***Sportskiet***: handwapens, haelgewere, .22 kompetisie, jaggewere tot 100 m |
| | **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 24 November 2017 | **Prestige aand / Prysuitdeling** |
| 2 Desember 2017 | **Kersfees skietdag**: Kom geniet 'n gesellige kersdag skietdag. Daar is 'n skaap op die spit na die tyd. BWAV voorsien die pap en sous. Bring eie eetgerei en stoel. |

| | |
|---|---|
| **BELANGRIK**: | Alle skiet aktiwiteite vind plaas te MASADA SKIETBAAN, tussen 08:00 en 14:00. 'n Baanfooi van **R20.00** is betaalbaar by die ingang per skut. **Maak seker dat die skietregister ingevul en geteken word asb**. Tydens kompetisies mag net met jaggewere, en nie met skyfskietgewere, geskiet word nie. |
| **VERSAMELAARS AKT**: | Dit is van 10:00 tot 11:00 by Masada skietbaan se lapa. Bring versamelstuk/ke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae, met versamelstukke skiet. |
| **VELDSKIET**: | Hindernisbaan met baie uitdagings en obstruksies. Kom toets jul skietvernuf met 'n opregte bosveld ervaring. Pretdag vir die hele gesin. Verdere inligting sal deurgegee word. |
| **BOSVELDSKIET**: | 150m staan met skietstok, 100m staan met skietstok, 50m skiet uit vuis uit (30 sekondes) en 50m staan uit vuis uit (skiet na brein) |
| **VLAKTESKIET**: | 300m Lê met mikkie, 200m sit by skiettafel, 100m staan vanaf skietstokke, 50m Staan uit vuis (eie tyd – geen minusse). |
| **PRESTIGE SKIET**: | 300m lê by skietpunt, 200m sit by skiettafel, 110m staan uit vuis – skiet na valplate, 100m staan en skiet vanaf skietstokke, 50m staan en skiet uit die vuis binne 30 sekondes. |

# R10 000 BOETE : LAAT HERNUWING VAN LISENSIE

Sosiale media was die agelope tyd vol berigte aangaande Mnr Derick Johnson wat R10 000 rand beboet is omdat hy laat aansoek gedoen het vir die hernuwing van ‘n lisensie.

Berigte skep die indruk dat die oorsaak van Mnr Johnson se arres die laat hernuwing was. Dit is verstaanbaar dat dit kan lei tot groot besorgdheid onder lede wat in dieselfde posisie verkeer.

Die kwessie raak meer kompleks as mens verstaan dat die SAPS tans weier om laat aansoeke te aanvaar. Handelaars word ook nie toegelaat om hierdie vuurwapens in voorraad te neem nie.

As ‘n lid dus in ‘n situasie verkeer waar ‘n aansoek vir hernuwing nie voor 90 dae van die verval van die lisensie plaasgevind het nie, verkeer hy / sy dus klaarblyklik in dieselfde posisie as Mnr Johnson.

Verdere ondersoek deur GOSA het egter nog feite aan die lig gebring. Dit blyk dat Mnr Johnson betrokke was in ‘n voorval met sy dogter se vriend en dat hy na bewering die vuurwapen gebruik het om die vriend te dreig.

Die vriend het ‘n klag van aanranding gemaak, en Mnr Johnson is in hegtenis geneem. Die rede vir sy arres is dus ‘n klag van aanranding, eerder as die feit dat die wapen betrokke tegnises nie gelisensieerd was nie.

Die klaer het later die klag van aanranding teen Mnr Johnson terug getrek, maar die aanklaer het gekies om die wapen se lisensie status teen Mnr Johnson gebruik.

Mnr Johnson het skuld erken op die klag van besit van ‘n ongelisensieerde wapen en ‘n R10 000 boete gekry. Die magistraat het die boete verlaag na R5 000 na ‘n pleidooi om versagting.

BWAV lede in besit van soortgelyke wapens is dus nie in presies dieselfde situasie as Mnr Johnson nie.

Finalie uitsluitsel oor die hantering van laat hernuwings aansoeke sal duidelik wees na die afhandeling van die hofsake wat deur SA Jagters en die SA Wapenhandelaars teen die SAPS gemaak is. Daar word verwag dat die sake in April 2017 voor die hof sal wees.

Lede in besit van wapens met laat hernuwings het dus twee keuses:

- Handig die wapen in by die SAPS vir vernietiging, of
- Bewaar die wapen veilig tot na die afhandeling van die uitstaande sake teen die SAPS meer duidelikheid bring oor die pad vorentoe.

As vereniging kan die BWAV nie namens ‘n lid belsuit wat om te doen nie. Win gerus regsadvies in as u verdere inligting benodig.

Ek hoop bogenoemde nota help om die berig rakende Mnr Johnson se boete in konteks te plaas.

Groete van kluis tot kluis,

Phillip Putter
BWAV Verteenwoordiger: Jagterskomitee
pputter@minerp.com
082 467 0046

# Wellington Wildsfees

**Prosedure vir E-kaartjie inskrywings:**

1. **Voltooi die vorm en stuur die voltooide vorm en bewys van betaling aan Herman le Roux by herman@lintonparkwines.co.za**
2. **'n Rekenaar-voltooide afskrif met jou unieke kaartjienommer sal aan jou gestuur word per e-pos as ontvangserkenning van jou inskrywing**
3. **Enige navrae in verband met e-kaartjies kan via bogenoemde e-pos adres gedoen word of skakel Herman by 083 441 9455.**
4. **STERKTE MET DIE INSKRYWING! Ons hoor graag van jou.**

## NG GEMEENTES MIDDELBURG EN WELLINGTON-OOS

## JAGKOMPETISIE 2017

*In watter provinsie is die NG Gemeente Middelburg, saam met wie die NG Gemeente Wellington-Oos jaarliks 'n Wildsfees aanbied, geleë?*

Antwoord: ................................................

Naam & Van: ............................................

Straatadres: .............................................

Dorp: .......................................................

Poskode: ..................................................

Kontaknommer: ........................................

E-pos adres: .............................................

Kaartjienommer: 001



NG GEMEENTES MIDDELBURG (KAROO) EN WELLINGTON-OOS

## MIDDELBURG JAGKOMPETISIE 2017

| | | |
|---|---|---|
| **R200** | 'n Onvergeetlike jagervaring wag op jou as jy die wenner is van hierdie jagkompetisie. Ervaar Middelburgse gasvryheid soos nog nooit tevore. | Kaartjienr 001 |

**Beantwoord die vraag op die teensy om in aanmerking te kom vir een van die fantastiese pryse:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Eerste Prys** | **Gesamentlike Jag-pakket vir 2 persone:**<br>2 Koedoes, 1 Swart Wildebees, 1 Springbok, 1 Blesbok, 1 Takbok<br>**Pakket sluit in:** *Verblyf in "Jaghuis" vir 4 nagte vir 2 *Etes *Jagvoertuig *Professionele Jaggids *Spoorsnyer *Oos-Kaap jaglisensie *Verwerkingkoste<br>***(Pakket geldig: 5 Junie tot 9 Junie 2017)*** | **Waarde:** | **R30 000** |
| **Tweede Prys** | Droë wildprodukte, afgelewer by een SA adres. | **Waarde:** | **R3 000** |
| **Derde Prys** | Droë wildprodukte, afgelewer by een SA adres. | **Waarde:** | **R2 000** |
| **SIEN ONDER VIR VOLLEDIGE TERME EN VOORWAARDES** | **Navrae:** Danie Theart - 084 517 2610 | **Trekking is finaal en wenners word telefonies in kennis gestel op 5 Mei 2017** | Sluitingsdatum: **4 Mei 2017** |

**ALGEMENE KOMPETISIE TERME EN VOORWAARDES:**

• Trekking sal behartig word deur 'n persoon aangewys deur die reëlingskomitee. • Datum van trekking: 5 Mei 2017. Wenners word telefonies in kennis gestel. • Die uitruil van genoemde (prys) spesies is nie onderhandelbaar nie. • Geen pryse kan verruil word vir kontant nie.

KWANDO SAFARIS

**TERME EN VOORWAARDES VIR EERSTE PRYS:**

• Wenner en mede-jagter is welkom om 'n ander persoon(e) saam te bring vir eie rekening.
• Enige diere anders as die ingesluit in die prys kan op eie koste gejag word en jagters betaal volledig volgens ooreengekome pryse vir diere.
• Slegs jagter(s) gaan op jagtogte. Gekweste diere sal as geskiet hanteer word.
• Vir die 6 diere soos gespesifiseer in die jag-pakket is verwerkingskoste (normale verwerking) ingesluit.
• Vir addisionele diere wat gejag en verwerk moet word, is die verwerkingskoste R20 per kg.
• Indien die jagperiode ten einde loop en van die spesies nie gekry is of misgeskiet word, sal die jagtog as afgehandel gesien word en geen latere jagdatum kom in aanmerking nie.
• Streng wapenveiligheidsreëls geld. Eie gewere en ammunisie moet gebruik word en inligting aangaande kalibers geskik vir die genoemde spesies sal verskaf word. • Geweerlisensie moet wettig en op datum wees.
• Prys sluit uit: Vervoer na die Jagplaas in Middelburg, Oos-Kaap. • Alkoholiese drank en ander drinkgoed in toe houers. • Telefoonoproepe. • Fooitjies. • Persoonlike versekering vir jagperiode.

Schoombee Karoo

